



# *Begin*

**(Gesinsontmoeting)**

# Hoekom is belydenis van geloof so belangrik?

## ONS DOELWIT

Die jongmense moet begelei word om as belydende lidmate van die Kerk te funksioneer.

## SPEKIFIEKE DOELSTELLING

### Kennis

Die jongmense moet –

- die verband tussen doop en belydenis van geloof verstaan; en
- weet dat hul belydenisjaar 'n belangrike voortsettingspunt is vir die res van hul lewe op hul geloofspad.

### Gesindheid

Die jongmense moet –

- bereid wees om dissipels van die Here te wees en te bly.

### Vaardigheid

Die jongmense moet –

- saam met hul ouers hul belydenisjaar gaan beleef;
- in staat gestel word om die bykomstige hulpmiddels en media te bemeester; en
- indien daar 'n behoefte is, 'n kommunikasiegroep soos WhatsApp stig om inligting deur te gee en kommunikasie te bevorder. Groeipreëls moet altyd eerbiedig word.

## EK BREI MY EIE KENNIS UIT

Die laaste jaar voor 'n kind van die Here *formeel* belydenis van geloof gaan doen, is nie sommer net 'n *formaliteit* nie. Vanjaar gaan die aanbieder, ouers en gemeente so betrokke wees in die jongmense voor hulle se lewens dat hulle as't ware outomaties in die gemeente as ware dissipels van Jesus gaan begin funksioneer. Hulle moet verstaan dat die Here al 'n baie lang pad saam met hulle loop: vandat hulle gedoop is, tot nou toe. Dit wat van vanjaar af gaan gebeur, is eintlik maar net 'n voortsetting van wat die Here voor hul geboorte begin het en met hul doop bevestig is. Om dit alles te laat gebeur, gaan elke denkbare hulpmiddel ook ingespan word.

Hoe weet 'n mens dat die Here van voor jou geboorte af al saam met jou lewe? Ons ken God en onself hoofsaaklik deur die Bybel. Gedurende die belydenisonderrig leer ons wie God is en wie ons is. Dan gebruik die Heilige Gees hierdie kennis om ons tot geloof te laat kom en ons geloof sterk te maak. So gebeur dit dat ons vertrou in God groei en dat ons leer om al ons vertrou in die eerste plek in Hom te stel, en nie meer in onself of enigiets in hierdie wêreld nie. Ons kan ook sê dat die belydenisonderrig ons geloof so sterk maak dat ons as ware dissipels van Jesus gaan begin funksioneer. Wat ons van God leer uit die Bybel, gebruik die Heilige Gees om ons op Hom te laat vertrou.

Hierdie saak gaan ook baie verder. Wat ons van God leer en die vertrou wat in ons ontstaan, moet ook uitgeleef word. Geloof in God beteken daarom nie net dat ons Hom sal ken en vertrou nie, maar ook dat ons Hom sal dien met alles wat ons doen. In die belydenisonderrig leer ons dus nie net hoe om volkome op God te vertrou nie, maar ook hoe om 'n nuwe lewe tot sy eer te lewe. Daarom is dit 'n ernstige saak om jou geloof te bely.

Die kerk het nog altyd 'n besondere band tussen die doop en belydenisonderrig gelê omdat ons veral deur die belydenisonderrig leer watter groot waarde ons doop vir ons het. Ons word gedoop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Dit gee vir ons besondere gemoedsrus, maar roep ons ook tot verantwoordelikheid. Watter groter gemoedsrus is daar as om te weet dat God jou Vader is wat alles in jou lewe voorsien, te weet dat Jesus Christus jou van al jou sonde verlos het, en te weet dat die Heilige Gees hierdie kennis so deel van jou lewe maak, dat jy 'n gelukkige mens en 'n ware dissipel van Jesus gaan wees?

Na afloop van ons belydenisjaar bely ons dat ons bogenoemde glo. Ons bely in die eerste plek dat ons glo in die drie-enige God. Ons belof dat ons by hierdie belydenis sal bly en voortdurend die sonde sal vermy. Verder belof ons dat ons sal saamwerk tot die uitbreiding van die Christelike kerk en in besonder dié van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Ons belof ook dat ons ons sal onderwerp aan die kerklike tug as ons van ons belydenis afwyk. Ons kan hierdie belydenis aflê en hierdie beloftes doen en dit nakom slegs as ons die inhoud daarvan ken en verstaan. Hierdie kennis en die vermoë om ons beloftes uit te voer, leer ons tydens ons belydenisonderrig.

Die belydenisjaar word veral gesien as 'n jaar van afronding. Gedurende die vorige jare was ons besig met die boodskap van die Bybel, die belydenis van die Kerk en die Kerk se geskiedenis. Vanjaar wil ons die jongmense help om dit wat hulle geleer het, hul eie te maak. Ons wil hulle begelei om ware dissipels van Jesus te gaan wees. Ons wil byvoorbeeld telkens die vraag vra: *Wat beteken dit vir jou lewe van elke dag dat God jou Vader is, dat Jesus Christus jou Verlosser is en dat die Heilige Gees in jou woon?*

## **EK SPRING SELF AAN DIE WERK**

### **Ek het nodig**

- 'n Kort opsomming van die laaste aanbieding in die graad 10-boek.
- Vir elkeen 'n kopie van die anonieme vrae- en besprekingslys op bladsy 10.
- Vir elkeen 'n A6-kaartjie soos op bladsy 9.
- Reël vooraf met 'n ouderling of een van die ouers om met gebed te open.
- Ek moet onderstaande deeglik deurwerk en dit my eie maak.

As jy nie weet vanwaar jy kom nie, weet jy ook nie waarheen jy op pad is nie. Die jongmense wat jy vanjaar in die belydenisklas gaan hê, het 17, 18 jaar gelede die bevestiging ontvang dat hulle die Here se kinders is. Van toe af het hul ouers en die kerk waarvan hul ouers deel is, hulle vergesel op die pad na volwaardige, verantwoordelike volwassenheid. Nou is jy saam met hulle daar.

Gedurende hierdie tydperk het daar verhoudings ontstaan en gegroei – tussen die kind en sy of haar ouers; tussen die kind en ander kinders van die Here; tussen die kind en die Here. Dit is hierdie jongmens wat jy vanjaar voor jou het en in wie se lewe jy 'n onuitwisbare merk

moet laat. Dit is 'n bomenslike taak. Moenie moedeloos wees nie. As jy die Heilige Gees die geleentheid gee om jou daarvoor te gebruik, gaan dit 'n sukses wees, want Hy wat jou geroep het om te wees waar jy nou is, bly getrou.

Daar is voorwaardes hieraan verbonde – **verantwoordelikhede. Eerstens teenoor jousef – jousef en die Here.** As die Here nie saam met jou bou aan die geestelike huis van hierdie jongmense nie, *bou dié wat daaraan bou tevergeefs*, sê die Bybel. Laat die Heilige Gees toe om jou persoonlike verhouding met die Here so sterk soos 'n rots te maak. Hy doen dit deur kommunikasie: sy Woord en jou woord – die Bybel en gebed. Die Here se Woord is nie net lewend en kragtig nie. Dit maak jou ook lewend en kragtig. Gebruik dit. Jy leer Hom beter ken; jy leer jousef beter ken; jy leer die mens voor jou beter ken. Om hierdie kennis uit God se Woord jou eie te maak, vereis 'n nederige, afhanklike gebedslewe. Die enorme invloed wat veral die predikant gedurende hierdie jaar op jongmense het, kan nooit genoeg beklemtoon word nie. Nie alleen jou woorde nie, maar ook jou lewe, jou voorbeeld, jou manier van menswees voor God en teenoor alle mense, sal hulle begelei na die Here. Jou liefde vir God, vir mense, jou vermoë om te begryp, te verstaan, te vergewe, jou stiptelikheid en dissipline laat merke op die jongmense se lewens. Hoe op aarde gaan dit moontlik wees? *Luister aandagtig en bid gedurig.*

**Tweedens jou verantwoordelikheid teenoor die jongmense.** Die belangrikste om te onthou is dat jongmense, soos alle mense, sondaars is van wie ons daarom nie volmaakte optrede kan verwag nie. Aan die ander kant is hulle kinders van God wat duur gekoop is met die bloed van Christus en in wie die Heilige Gees woon. Op grond van wat hulle in Christus is, behoort jy op 'n besondere wyse vir hulle om te gee. Daarom moet jy hulle ken. Jy moet hul agtergrond ken. Jy moet die wêreld ken waarin hulle hul voete moet vind. Hou dus die volgende in gedagte: Elke kind is anders as 'n ander kind. Daardie uniekheid moet gerespekteer word. Nieteenstaande elkeen se andersheid, is daar tog 'n bepaalde enersheid wat jy in gedagte moet hou. Die lewensfase waarin die belydenisgroep is, vertoon die volgende kenmerke:

- Kritiese ingesteldheid.
- Twyfel, onsekerheid en emosionele onstabieleit.
- Soeke na die sin van die lewe.
- Soeke na stabiele verhoudings.
- Soeke na onopgesmuktheid en eerlikheid.
- Drang na vryheid.
- Fyngevoeligheid.
- Baie skuldgevoelens.
- Individualisme en tegelyk portuurgebondenheid.
- Gaan voluit vir 'n saak.

Die wêreld waarin hulle leef, lyk ook anders as die wêreld waarin jy grootgeword het. Die volgende is eie aan hul wêreld:

- Die skerms van slimfone, tablette, rekenaars, ensovoorts, oorheers hul lewens.
- Nie wat jy sê is alleen die waarheid nie – hulle toets en bevraagteken jou met Google.
- Hulle het nie meer nodig om dinge uit die kop te leer nie – as hulle iets wil weet, gaan vra hulle vir *professor Google*.
- Alles wat van jou af *weggehou* was, lê op hul voorstoep – kennis van die seksuele, okkultisme, vreemde godsdienste, pornografie, ensovoorts.

- Die drang na geld en wêreldse besittings.
- 'n Weggooikultuur – as 'n pen nie meer wil skryf nie, smyt ek dit weg; as my selfoon die gees gee, raak ek ontslae daarvan; as my huweliksmaat my nie geval nie...
- Gebrek aan eerbaarheid in die politiek, verbrokkeling van gesinne en onstabieleit in die ekonomie veroorsaak sielkundige probleme en gedragsafwykings.

**Derdens, en dit is die belangrikste, jou verantwoordelikheid teenoor die Here.** Kort en klaar: As jy nie voortdurend werk aan jou eie persoonlike verhouding met die Here nie, *gaan die pad vir jou te lank raak*. Heel eerste moet jy besef jy het beperkinge, jy het foute, jy is sonbaar – gelukkig God se sonbaar. Onthou: Dieselfde hoop wat jy wil bring in jongmense se lewens, bring God ook in jou lewe. Jou sonde is vergewe. Vir jou foute het Hy begrip. Jou beperkinge vul Hy aan. Hou Hom in gedagte elke keer as jy voorberei, as jy 'n aanbieding doen en as jy terugkyk op resultate. Skerp jou kennis van sy genade op uit die Bybel en bid gedurig vir insig, begrip, geloof en 'n voorbeeldige lewe.

**Vierdens, jou verantwoordelike voorbereiding.** Daar word gereeld klagtes gehoor dat die stof vir aanbiedings te lank is. Dit sal nie te lank wees as jy deeglik en gestruktureerd voorberei en die hele les jou eie maak nie. Probeer om in aanbiedingstyd nooit meer tyd te gebruik as wat hieronder aangedui word nie. Ons werk gemiddeld op een uur aanbiedingstyd.

Al die lesse het dieselfde struktuur. Jy gaan die volgende aantref:

- Gesprekstema.
- Doelwit.
- Spesifieke doelstelling met betrekking tot –
  - kennis,
  - gesindheid, en
  - vaardigheid.

Maak altyd seker dat jy weet waaroor die tema handel en of jy so voorberei het dat jy by die doelstellings gaan uitkom:

- **Ek brei my eie kennis uit.** Hierdie is agtergrondgegewens om jou kennis rondom die tema uit te brei.
- **Ek spring self aan die werk.** Hier begin jou voorbereiding. Onthou dat voorbereiding gewoonlik met gebed begin. Vra die Here om jou te lei.
- **Ek het nodig.** Hierdie gedeelte maak dit noodsaaklik dat jy elke week na jou aanbieding reeds sal kyk wat vir die volgende aanbieding nodig is, want jy gaan dalk meer as een dag nodig hê om sekere dinge te bekom.
- **Kom ons begin.** Hier begin jy fisies met die jongmense werk. Open soos aangedui in die boek. As jy 'n meer toepaslike manier het, doen dit gerus. **(5 minute)**
- **In die groepbyeenkoms.** Omstandighede gaan wissel van gemeente tot gemeente. Die aard van lokale en die hoeveelheid leerders wat jy het, gaan verskil. Groepwerk is belangrik vir besprekings. Jou omstandighede gaan bepaal hoe groot die groepe gaan wees, verkieslik nie meer as sewe in 'n groep nie. As daar selfs net een is, kan jy saam met hom of haar 'n groep vorm en onderwerpe bespreek.
- **Wat kan hulle van verlede week onthou en wat het hulle gedoen?** Vir sukses in enige saak, selfs in die besigheidswêreld, is drie dinge uiters belangrik om te bepaal of jy 'n doel bereik het. Dit is: Kontrole. Kontrole. Kontrole. As jy nie kon uitmaak of jy jou doel bereik het nie, is jou hele poging doelloos. **(10 minute)**

- **Vandag gaan ons die volgende ons eie maak.** Deur aktiwiteite en memorisering gaan jy die saak waaroor dit gaan, hul eie maak. Verskillende doendinge en leerdinge word hier ingespan.
- **Begin so.** Hierdie is 'n baie belangrike deel om hul aandag te kry. Dit is die inleiding wat altyd met oorgawe moet geskied. **(5 minute)**
- **Waarop val die klem vandag?** Hierdie is die formele aanbieding van die stof. Maak seker dat jy EK BREI MY EIE KENNIS UIT goed onder die knie kry. **(10 minute)**
- **Ons bespreek en skerp in wat ons vandag geleer het.** Inskerp deur herhaling en sekere vorms van bringimnastiek bepaal gewoonlik of jy aan die einde jou doel gaan bereik. **(10 minute)**
- **Iets om in die klas te doen.** Met aktiwiteite verhoog 'n mens altyd die vermoë om iets jou eie te maak. **(15 minute)**
- **Hierdie week in hul wêreld.** Kategese is nie 'n lesing vir 'n uur op 'n paar Sondag per jaar nie. Kategese is geloofsonderrig. Geloof is kennis en vertroue; dit is leer en lewe; dit is om die Here intens en intiem te ken en sy dissipel te gaan wees.
- **Radikale dissipelskap.** Radikaal beteken *uit die wortels uit*. Ons moet die jongmense begelei om geloof en lewe uit hul "wortels" te laat groei sodat dit hul hele lewe as dissipels van Jesus Christus kan deursuur.
- **Hulle kry hulself paraat.** Onbekend maak onbeminde. *As gevolg van 'n gebrek aan kennis, gaan my volk ten gronde, sê die Bybel.* As jy iemand nie ken nie, kan jy hom of haar nie vertrou nie. Hierdie stellings maak die leeraksie by kategese of geloofsonderrig 'n vereiste.
- **Afsluiting.** Gee opdragte vir die week wat voorlê, en sluit af. Ons sluit op verskillende maniere af. Indien jy dit op 'n meer sinvolle wyse kan doen, staan dit jou vry. **(5 minute)**

Mag hierdie jaar vir jou baie geseënd wees.

## IN DIE GROEPBYEENKOMS

### BAIE BELANGRIK

Onthou, regdeur die boek word veronderstel dat daar genoeg jongmense in die klas is om in groepe te verdeel. Indien daar slegs 'n paar of selfs net een is, moet eie diskresie gebruik word vir die uitvoering van 'n opdrag.

### KOM ONS BEGIN

Vra die persoon met wie gereël is, om met gebed te open.

### BEGIN MET DIE NUWE JAAR

- Reël vooraf dat afgekondig word dat die ouers van die jongmense in jou klas die eerste gedeelte van die eerste aanbieding saam met hul kind moet bywoon.
- Gee geleentheid vir kort en spontane bekendstelling.
- Bespreek die erns van die belydenisjaar en die belangrikheid van erediensbywoning.
- Handel administrasie af en ruil kontakbesonderhede met die ouers uit.
- Stig 'n kommunikasiegroep soos WhatsApp om inligting deur te gee en kommunikasie te bevorder. Groepreëls moet baie duidelik neergelê word.
- Die ouers kan nou die lokaal verlaat.

- Herinner die jongmense daaraan dat hulle elke Sondag hul Bybels moet saambring – hierdie handleiding werk met die 1983-vertaling, maar indien dit nie anders kan nie, is ander vertalings ook aanvaarbaar.
- Sorg dat jou eie Bybel elke Sondag daar is.
- Maak seker dat almal Bybels besit.
- Bespreek kortliks die gespektemas by die inhoudsopgawe hierbo, wat hierdie jaar aan die orde gaan kom.

## WAT KAN HULLE VAN VERLEDE JAAR ONTHOU?

Laat enkele van die jongmense vertel wat hulle kan onthou van dit wat hulle aan die einde van die vorige jaar geleer het oor spiritualiteit in die kerk. Lei die gesprek in die rigting daarvan om te beklemtoon dat daar vir al ondergenoemde mense plek in die gemeente is, want ons is nie almal dieselfde nie. Daarom moet hulle in hul eie gemeentes waar hulle is en gaan wees 'n plek gun vir almal om hul geloof uit te leef.

Hulle het geleer daar is die volgende:

- **Kopmense.** Dit is mense wat hul geloof meestal met die kop beleef. Hulle hou byvoorbeeld van orde in die erediens, rasonele preke en gebede wat ordelik aanmekaargesit is. Die kritiek teen kopmense se spiritualiteit is dat hulle as't ware "gevoelloos" met hul godsdiens omgaan en dat hul geloof hulle nie tot dade aanspoor nie.
- **Hartmense.** Hierdie is gevoelsmense. Hulle getuig spontaan oor wat God vir hulle beteken en oor wat Hy al vir hulle gedoen het. Gebede moet vir hulle vry en spontaan wees, die kerklied vol emosie, en die preke moet eerder emosioneel as rationeel wees. Kritiek teen die hartmense is dat hulle sentimenteel en emosioneel is, en hul geloof leeg en selfs oppervlakkig is.
- **Mistiekmense.** Hulle verkies om in stilte iewers te mediteer. Goed soos kerse is belangrik om die regte atmosfeer te skep. Die tipe musiek wat hulle verkies tydens die erediens is sagte begeleiding en meditatiewe liedere. Kritiek teen mense wat hul geloof as 'n misterie beleef, is dat so 'n erediens te veel tierlantyntjies het.
- **Handmense.** Hierdie gelowiges wil graag aktief werk in die gemeente. Die kerk word gesien as die "geleentheid" waar hulle hul geloof kan uitleef teenoor alle mense in nood. Die prediking en liedere moet gefokus wees op diens aan die wêreld. Kritiek teen die handmense se spiritualiteit is dat dit kan klink asof hulle wil werk vir 'n plekkie in die hemel.

## VANDAG GAAN ONS DIE VOLGENDE ONS EIE MAAK

### BEGIN SO

Verduidelik aan die jongmense dat vanjaar se belydenisonderrig op die volgende gemik is:

- Om met geloof die lewe positief en sonder vrees aan te durf.
- Om as volwasse, verantwoordelike dissipels in die Here se gemeente in te skakel.
- Om hulle te begelei om geleenthede in die lewe te benut.
- Om gevare raak te sien en te vermy.

## WAAROP VAL DIE KLEM VANDAG?

Gebruik EK BREI MY EIE KENNIS UIT hierbo en beklemtoon die volgende:

- Vanjaar se ontmoetingsgeleenthede is nie sommer maar net –
  - die einde van 'n pad nie;
  - iets wat afgehandel moet word omdat Pa en Ma dit so wil hê nie; of
  - iets wat die samelewing van ordentlike mense verwag nie.
- Vanjaar se ontmoetingsgeleenthede wil –
  - hulle daartoe lei om ware dissipels van Jesus te gaan wees;
  - hulle deur die Bybel leer dat die Here hulle liefhet en by hulle wil bly;
  - hulle laat beleef dat die Heilige Gees dit wat hulle in die Bybel leer, gebruik om hul verhouding met God te bou en sterk te hou;
  - hulle in staat stel om ander hulpmiddels te gebruik om hul verhouding met God te versterk;
  - hulle begelei om volkome op God te vertrou; en
  - hulle in staat stel om 'n nuwe lewe tot eer van God te lewe.

---

**DUS:** Om geloof te bely, is 'n ernstige saak

**HOEKOM?** Dit gee ons gemoedsrus

---

Dit gee ons gemoedsrus om te beleef –

- dat God ons Vader is wat alles in ons lewe voorsien;
- dat Jesus Christus ons van al ons sonde verlos het; en
- dat die Heilige Gees ons gelukkige mense wil maak wat as dissipels van Jesus gaan lewe.

## WAT GAAN HULLE BELY?

Hulle gaan begelei word –

- om te bely dat hulle met hul hele menswees glo in die drie-enige God;
- om te belowe dat hulle altyd in die drie-enige God sal glo en altyd sal probeer om nie sonde te doen nie;
- om te belowe dat hulle vir altyd ware dissipels van Jesus sal bly en sy kerk sterk sal maak en sal laat groei; en
- om te belowe dat hulle alle gelowiges die reg sal gee om hulle terug te bring na God toe as hulle afdwaal.

## Beklemtoon veral die volgende:

Hulle gaan die Heilige Gees geleentheid gee om hulle getroos en gelukkig te laat lewe omdat God hul Vader is; omdat Jesus Christus hul Verlosser is; en omdat die Heilige Gees hulle leer en lei.



## **ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET**

- Gee vir elkeen 'n kopie van die anonieme vrae- en besprekingslys op bladsy 10.
- Laat hulle dit voltooi en inhandig.
- Bespreek in die groot groep die verskillende antwoorde en bring korreksies aan waar nodig.
- Wees altyd sensitief oor hul antwoorde en kry deur bespreking konsensus in plaas van om *reg* of *verkeerd* te beklemtoon.

## **IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN**

- Gee vir elkeen een van die kaartjies soos hieronder.
  - Bespreek elke reëltye apart met hulle.
  - Laat hulle die betekenis daarvan bespreek en konsensus daarvoor kry.
  - Laat elkeen sy of haar kaartjie teken.
  - Vra dat hulle dit, soos julle vorder, as boekmerk gaan gebruik en voor elke ontmoeting weer deurlees.
- Niemand moet gedwing word om die kaartjie te teken nie. Diegene wat nog nie seker is of hulle dit wil teken nie, laat dit oop. Daardie jongmense bespreek die saak elke week met hul ouers, met jou en/of die predikant, totdat hulle oortuig is dat hulle om die regte redes katkiseer.
- Neem leiding om 'n kommunikasiegroep te stig soos WhatsApp om inligting deur te gee en kommunikasie te bevorder. Stel groeipreëls op wat altyd eerbiedig moet word.



### **EK DOEN BELYDENIS VAN GELOOF**

***om God beter te leer ken***

***om myself beter te ken en te verstaan***

***om my verhouding met God te bou en te versterk***

***om my afhanklikheid van God te erken***

***om tot eer van God te lewe***

***om 'n dissipel van die Here te wees en te bly.***

***Ek verstaan bogenoemde  
en gaan na die beste van my vermoë  
probeer om dit na te streef.***

**Handtekening .....**

## Anonieme vrae- en besprekingslys

1. Waar of vals:

- a. Ek moet God ken voor ek in Hom kan glo. ....
- b. Ek kan myself waarlik net uit die Bybel leer ken en verstaan. ....
- c. As ek in God glo, moet ek Hom liefhê. ....
- d. As ek in God glo, mag ek maar sleg en roekeloos lewe. ....

2. My belangrikste voorneme vanjaar is om in die eerste plek –

- e. my verhouding met God sterker te maak .....
- f. of soveel kennis moontlik uit die Bybel te versamel. ....

3. Skryf jou kommentaar op die volgende stelling neer: *Ek het uit die Bybel geleer wie God is en ek glo met my hele hart dat Hy my liefhet en dat ek sy kind is, daarom hoef ek verder niks vir Hom of ander mense te doen nie.* .....

.....

.....

.....

4. Waar of vals:

- a. Ek gaan belydenis van geloof doen net om my ouers gelukkig te hou. ....
- b. Ek gaan belydenis van geloof doen net sodat ek eendag in 'n kerk kan trou, my kinders kan doop en uit 'n kerk begrawe kan word. ....
- c. Ek gaan belydenis van geloof doen omdat die saak van godsdiens en geloof vir my baie interessant is. ....
- d. Ek weet regtig nie hoekom ek belydenis van geloof moet doen nie. ....

## HIERDIE WEEK IN HUL WÊRELD

### RADIKALE DISSIPELSKAP

- Laat hulle op die Kerk se webblad ingaan by [www.nhka.org](http://www.nhka.org). (Die onderstaande is net vir jou eie inligting. Jy hoef dit nie aan die groep voor te hou nie – dit is reeds in hul eie boeke.)
- Laat hulle gaan na *Liturgie*, dan na *Formuliere*, en klik op *Formuliere*.
- Laat hulle by *OPENBARE BELYDENIS VAN GELOOF* op *Formulier vir die afneem van openbare geloofsbelydenis* klik.
- Laat hulle dit gaan deurlees.
- Laat hulle teruggaan en op *Wisselformulier vir die aflegging van belydenis van geloof* klik.
- Laat hulle dit deurlees en in hul boeke die ontbrekende woorde invul.

Hierdie formulier is by Aanbieding 1 in jou boek.

### HULLE KRY HULSELF PARAAT

Laat hulle die volgende hul eie gaan maak en dit onthou:

- Aflegging van belydenis van geloof is 'n ernstige saak, want dit is 'n gelofte wat ek voor God gaan aflê.
- Ek gaan voor God en sy gemeente bely dat ek glo in die drie-enige God.
- Ek gaan voor God en sy gemeente beloop –
  - om in 'n lewende verhouding met God te gaan leef deur gebed, Bybelstudie en 'n toegewyde lewe;
  - om met die Kerk mee te leef en diensbaar in my gemeente te wees; en
  - om my te hou by die kerklike dissipline.

### BELANGRIK

- Die jongmense moet seker maak dat hulle met elke aanbieding hul Bybels saambring.
- Kyk vandag reeds wat jy vir die volgende aanbieding nodig het en wat jy moet voorberei.

### AFSLUITING

- Hou bogenoemde belofte en belydenis aan hulle voor.
- Sluit af met gebed en vra die Here om hulle te lei in hierdie ernstige saak in hul lewe.